



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO.
Reeks H_r. Inouguerele Rede: nr. 52

**DIE STRAFREGTELIKE AAN-
SPREEKLIKHEID VAN REGSPER-
SONE**

W.E. Scott

Rede uitgespreek by die aanvaarding
van die amp as Hoogleraar in die De-
partement Strafrege aan die Potchef-
stroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys op 29 September
1978.

**Potchefstroom
1979**

DIE STRAFREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID VAN REGSPERSONE

1. INLEIDING

Dit is dikwels 'n regsgeleerde se lot en die man op straat se kruis om 'n sinvolle ontleding te maak van die besondere regsreëls, wat in 'n ingewikkelde, taaleiendomlik vreemde, lank omskrewe en dikwels vae artikel van een of ander wet vervat is. 'n Uitstekende voorbeeld hiervan is artikel 332(1) van die Strafproseswet nr. 51 van 1977. Die artikel lui:

„Ten einde 'n regspersoon strafregtelike aanspreeklikheid op te lê weens 'n misdryf, hetsy statutêr of gemeenregtelik, word —

(a) 'n handeling wat deur of in opdrag of met uitdruklike of stilswyende toestemming van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon, met of sonder 'n besondere opset, verrig word; en

(b) die versuim, met of sonder 'n besondere opset, om 'n handeling te verrig wat verrig moes geword het maar nie verrig is nie deur of in opdrag van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon,

by die uitoefening van sy bevoegdheid of die uitvoering van sy pligte as so 'n direkteur of dienaar of ter bevordering of gepoogde bevordering van die belange van daardie regspersoon, geag 'n handeling (met dieselfde opset, as daar opset by is) deur daardie regspersoon verrig te gewees het of, na gelang van die geval, 'n versuim (en met dieselfde opset, as daar opset by is) aan die kant van daardie regspersoon te gewees het”.

Die praktiese implikasie van hierdie regsreël kan met die volgende voorbeeld geïllustreer word. Mnr. X, een van die doserende personeellede van die PU vir CHO, is met sy motor op pad na die Vaalrivierse tak van die PU vir CHO om 'n lesing waar te neem voor studente van die Universiteit. Hy oorskry die spoedgrens en bestuur boonop nog nalatig ook, as gevolg waarvan sy motor in 'n botsing betrokke raak en iemand in die ongeluk sterf. Omdat die PU vir CHO 'n regspersoon en mnr. X 'n dienaar of werknemer van hierdie regspersoon is, hy tydens die gesketste gebeure in die loop van die uitvoering van sy pligte opgetree het, word sy skuldige handeling kragtens die genoemde artikel geag die van die regspersoon te wees, en die PU vir CHO kan gevolglik strafregtelik vervolg en gestraf word vir die gemeenregtelike misdaad strafbare manslag en die statutêre misdaad roekelose en/of nalatige bestuur.

Volgens subartikel 2 van artikel 332 van die Strafproseswet kan die Staat

nou die Rektor van die PU vir CHO of die Dekaan van die Fakulteit Regte of enige ander amptenaar of dienaar van die PU vir CHO as verteenwoordiger van die Universiteit voor die strafhof daag. Die genoemde verteenwoordiger kan dan deur die hof skuldig bevind word asof hy die betrokke misdrywe gepleeg het, maar gelukkig skryf subartikel 2(c) voor dat by so 'n skuldigbevinding die boete wat die verteenwoordiger opgelê is, deur die regspersoon betaal moet word. Indien die betrokke verteenwoordiger in enige stadium van die saak ophou om sy amp te beklee of nie in staat is om aanwesig te wees nie of vlug, kan die aanklaer die hof versoek dat 'n ander verteenwoordiger van die regspersoon as plaasvervanger moet verskyn (artikel 332(2)(b)).

Hierdie feite bied 'n maklik toepassing van die genoemde artikel 332. Die probleem kan egter baie ingewikkeld raak. Veronderstel mnr. X kom veilig op Vanderbijlpark aan, lewer sy lesing en woon daarna 'n geselligheid by wat die studente vir hom gereël het. Hy vertoef daar 'n bietjie langer as die tyd wat hy sy vrou belowe het om op Potchefstroom terug te wees en hy gebruik ook so 'n ietsie meer as wat die padordonnansie iemand toelaat om sonder vrees vir vervolging sy motor te bestuur. Later die aand, toe hy op pad terug is, word hy voorgekeer, medies getoets, en tot sy verbasing word bevind dat meer as die toelaatbare 0,08 persentasie alkohol in sy bloed aanwesig is. Is die Universiteit nou strafregtelik aanspreeklik? Sal die Universiteit ook strafregtelik aanspreeklik wees indien mnr. X tydens sy lesing 'n lasterlike bewering gemaak het maar wat nie verband gehou het met sy doeerwerk nie, of indien hy met die Universiteit se motor tydens sy rit na die lesing van sy roete afgewyk het om gou by 'n vriend aan te gaan en op pad daarheen nalatig bestuur het?

Om 'n oplossing vir laasgenoemde probleme aan te bied is weens die beperktheid van hierdie voordrag 'n onmoontlike taak. Hoogstens kan 'n aantal riglyne gegee word volgens my interpretasie van artikel 332.

Vervolgens sal ek 'n paar opmerkings maak oor die wese en aard van 'n regspersoon, tweedens 'n kort geskiedkundige agtergrond gee van die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone en derdens 'n ontleding maak van die besondere toepaslike regsreëls. Laastens oorweeg ek die wenslikheid van hierdie tipe strafregtelike aanspreeklikheid.

2. DIE WESE EN AARD VAN REGSPERSONE

Oor 'n antwoord op die vraag na die aard en wese van 'n regspersoon is al baie gespekuleer. Dit is 'n onbegonne taak om vir die doeleindes van hierdie

artikel meer te noem as dit wat vir my na die aanvaarbaarste standpunt lyk.

Vir die reg is 'n persoon 'n regsobjek of anders gestel, 'n entiteit wat as subjek in die juridiese wetskring fungeer (Van der Vyver en Van Zyl, 1972, p. 156). Die regsobjektiwiteit of regspersoonlikheid van 'n persoon omvat 'n hele aantal kompetensies, en hierdie kompetensies dui 'n persoon se juridiese status of regsposisie aan. Hierdie kompetensies omvat die volgende: 'n persoon se kompetensie om draer van regte en verpligtinge te wees; 'n persoon se kompetensie om juridies relevante handeling te verrig en 'n persoon se kompetensie om as eiser of verweerder in 'n siviele hof op te tree. 'n Belangrike gevolg van 'n persoon se regsobjektiwiteit is dat hy as beskuldigde in 'n strafhof vervolg kan word indien hy na bewering een of ander misdaad gepleeg het.

Ons reg ken twee soorte regsobjekte of persone, naamlik die natuurlike persoon (die mens) en die regspersoon. Laasgenoemde is in die breë gesien 'n gemeenskap van mense wat kwalifiseer om as regsobjek in die regsverkeer deel te neem (Van der Vyver en Van Zyl, 1972, p. 163). Meer spesifiek kan 'n regspersoon beskou word as 'n samelewingsverband wat as 'n selfstandige eenheid juridiese status het. Hierdie samelewingsverband word gevorm wanneer mense by 'n groep of groter eenheid inskakel sonder om hulle eie identiteite te verloor. Dit gebeur deurdat 'n aspek van die mens se persoonlikheid in die groter geheel opgeneem word. As lid vorm hy deel van die gemeenskap en staan so in 'n gemeenskapsverhouding tot sy medelede, welke gemeenskapsverhouding gekenmerk word deur 'n organisatoriese band wat die lede van die gemeenskap in 'n eenheid saambind. 'n Belangrike punt is egter dat nie enige samelewingsverband vir regsobjektiwiteit kwalifiseer nie. 'n Samelewingsverband moet sekere eienskappe of kenmerke hê voordat dit vir regspersoonlikheid in aanmerking kan kom (Van der Vyver en Van Zyl, 1972, p. 167). Eerstens moet die samelewingsverband histories gefundeerd wees deurdat dit sy bestaan ontleen aan die vorming en organisasie daarvan deur die lede¹⁾. Tweedens moet die samelewingsverband 'n relatief langdurige bestaan hê, dit wil sê die lede wat in die gemeenskapsverhouding teenoor mekaar staan, moet kan wissel sonder dat die identiteit van die gemeenskap tot niet gaan. Derdens moet die gemeenskapsverhouding in die samelewingsverband gekenmerk word deur 'n interne gesagstruktuur, dit wil sê

1) Van der Vyver en Van Zyl (1972, p. 170) betwyfel die geldigheid van hierdie ver-eiste.

dat daar 'n gesags- en ondergeskiktheidsverhouding tussen die lede in die gemeenskap aanwesig is, iemand dus wat gesag uitoefen, en ander wat aan daardie gesag onderworpe is.

'n Samelewingsverband met hierdie kenmerke kwalifiseer vir regsobjektiwiteit, en die reg mag nou aan hierdie eenheid regsobjektiwiteit verleen. Die regspersoon ontstaan dan wanneer die formaliteite wat die reg vir die totstandkoming van die betrokke soort regspersoon neergelê het, nagekom is²⁾.

'n Wanopvatting van die aard en wese van 'n regspersoon wat deesdae nog algemeen voorkom, is die opvatting dat 'n regspersoon 'n denkbeeldige persoon is, dat dit dus nie werklik bestaan nie, met ander woorde 'n fiksie is (Ferreira, 1967, p. 267). Die grondslag van hierdie opvatting is geleë in die siening dat regsobjektiwiteit slegs aan die wilsmag gekoppel kan word, wilsbevoegdheid of die redelik-sedelike wil van die natuurlike mens (Savigny 1840, 1.4 en 7). Omdat die regspersoon leweloos is en self nie 'n wilsmag het nie, kan hy dus nie regsobjek wees nie. Ten einde aan die regspersoon regsobjektiwiteit te verleen maak die reg dan gebruik van 'n fiksie, die regspersoon. Die regspersoon is dan 'n kunsmatige persoon wat nie werklik bestaan nie maar wat op fiktiewe wyse met regsobjektiwiteit beklee word. Hierdie standpunt is eng individualisties en positivisties, omdat enersyds te kenne gegee word dat alleen sinuiglik waarneembare dinge werklik bestaan, dat alle dinge individueel is en dat 'n versameling van dinge slegs 'n toevallike samestelling van individuele dinge is. Hierdeur word die individualiteitsstruktuur van 'n samelewingsverband totaal uit die oog verloor. Soos Van der Vyver en Van Zyl (1972, p. 168 vn. 23) die saak duidelik gestel het, is 'n melodie iets anders as die blote groototaal van die inidivduele note; 'n gedig iets anders as die blote groototaal van die individuele woorde. Daar is 'n geordende samehang tussen die note van die melodie en tussen die woorde van die gedig, sodat die melodie en die gedig elkeen 'n eenheid vorm (Van der Vyver en Van Zyl, 1972, p. 168 , vn. 23). Daarom kan die mens onderdeel vorm van 'n groter eenheid sonder om sy eie identiteit te verloor en kan hierdie groter eenheid dus 'n eie identiteit, eie aard en karakter verwerf, wat

2) Sommige regspersone kom tot stand wanneer hulle kragtens een of ander wet registreer is (bv. 'n samelewingsverband wat handel dryf met die doel om wins te maak). Ander regspersone kom tot stand kragtens spesiale wetgewing deur die Parlement (bv. universiteite), en vir 'n derde groep regspersone is dit formeel slegs nodig om in die konstitusies van die samelewingsverband te meld dat die verband regspersoonlikheid het (bv. 'n vrywillige vereniging soos 'n sportklub).

op sy beurt weer onafhanklik is van die individuele lede waaruit dit opgebou is.

Daarom is dit ook my opvatting dat die regspersoon net so reël is as die mens. Hierdie persone is duidelik onderskeibaar en kan ook nooit gelyk gestel word nie. Sterk onderskeidingskenmerke is die volgende: Ten eerste stel die reg sekere voorvereistes vir die verlening van regssubjektiwiteit aan 'n samelewingsverband. Die mens, daarenteen, verkry onvoorwaardelike regssubjektiwiteit by sy geboorte en in sommige gevalle, indien dit tot sy voordeel is, selfs reeds by sy verwekking (Van der Vyver en Van Zyl, 1972, p. 164). Tweedens het die mens 'n religieuse transendente wortel en styg daarin bo die tydelike werklikheid uit. As ewigheidswese is sy bestemming nie in die tydelike werklikheid nie. Die regspersoon is in die kosmiese tydsorde vasgevang en vind sy bestemming dus in die tydelike werklikheid. Die mens is 'n fisies-psigiese wese en die regspersoon basies 'n samelewingsverband (Kyk ook Fourie, 1973, p. 5). In die tweede plek het die natuurlike mens se regssubjektiwiteit en dié van die regspersoon ook nie presies dieselfde inhoud nie. Die regspersoon se regssubjektiwiteit is beperkter as dié van die mens, omdat hy sekere regte (soos huweliksregte) en sekere verpligtinge (soos verpligtinge wat nie volgens sy doelstellings deur hom gedra kan word) nie kan hê nie. Al hierdie dinge beteken egter nie dat die regspersoon 'n fiksie is nie; die inhoud van die regssubjektiwiteit van mense kan immers eweneens baie van mekaar verskil, byvoorbeeld tussen meerderjarige en infans.

Omdat 'n regspersoon nie 'n fisies-psigiese wese is nie, is hy by uitstek op sy organe en verteenwoordigers aangewese om namens en vir hom aan die regsverkeer deel te neem. Op sigself is hierdie juridiese konstruksie natuurlik nie iets besonderliks wat slegs by die regspersoon ter sprake kom nie, want ook die mens kan deur middel van verteenwoordigers aan die regsverkeer deelneem. Sommige mense, byvoorbeeld die infans, is ook by uitstek op sy verteenwoordigers aangewese om aan die regsverkeer deel te neem, want self kan hy nie. Sodanige deelname aan die regsverkeer deur middel van verteenwoordigers of organe word regtens moontlik gemaak deur die juridiese figuur van toerekening. Dit wat die verteenwoordiger of orgaan vir en namens die verteenwoordiger doen, word regtens aan die verteenwoordigde toegereken. Volgens Van der Vyver en Van Zyl (1972, p. 170) is hierdie toerekening nie 'n blote denkproses nie maar 'n juridiese werklikheid. Indien 'n regspersoon deur middel van sy verteenwoordiger 'n kontrak met 'n derde sluit, kom die kontraktuele band werklik tussen die regspersoon en die derde tot stand. Dieselfde gebeur byvoorbeeld in die geval van die infans. Dit is iets besonders, want 'n kontrak tussen partye kom inderdaad onder andere eers tot stand indien daar wilsooreenstemming tussen die kontrakspartye is..

Die regspersoon, omdat hy nie 'n psigies-fisiese wese is nie, en die infans, omdat hy nie 'n regtens toerekenbare wil het nie, kan nie self 'n wilsverklaring maak nie. Weer eens is dit op grond van die proses van juridiese toerekening dat die wilsverklaring van die verteenwoordiger aan die verteenwoordigde toegereken word as sy eie wilsverklaring, as sy handeling met sy gesindheid.

Een baie belangrike aspek van juridiese toerekening deur middel van die verteenwoordigingsfiguur is egter die feit dat die handeling van die verteenwoordiger slegs aan die prinsipaal toegereken kan word indien die verteenwoordiger binne die formele kring van sy bevoegdheid of binne sy volmag opgetree het, wat ook al die bron van hierdie volmag mag wees.

Die vraag is dan of dit moontlik is om van dieselfde juridiese figuur van verteenwoordiging en die juridiese konstruksie van toerekening gebruik te maak om 'n verklaring te verskaf van die strafregtelike aanspreeklikheid van 'n regspersoon. Myns insiens is dit nie moontlik nie, en die rede hiervoor is betreklik eenvoudig. 'n Regspersoon kan slegs deur middel van die proses van juridiese toerekening in soverre deur die optrede van sy verteenwoordigers of organe gebind word as wat die verteenwoordiger se optrede deur die konstitusie van die regspersoon gedek is. In hierdie konstitusie van die regspersoon is ook sy doelstellings vervat, en een van die voorwaardes vir die verlening van regsobjektiwiteit aan 'n regspersoon is dat sy doelstellings nie onsedelik of teen die openbare belang moet wees nie. Is sy doelstellings sodanig van aard, verkry die samelewingsverband eenvoudig nie regsobjektiwiteit nie. Indien dit moontlik is om daardie doelstellings wat onsedelik of teen die openbare belang is, los te maak van daardie doelstellings van die regspersoon wat regtens aanvaarbaar is, word eersgenoemde as *pro non scripto* beskou. Daarom sal 'n regspersoon in elk geval nie gebind kan word deur 'n handeling van 'n verteenwoordiger wat op die pleeg van 'n misdad neerkom nie, omdat 'n doelstelling met sodanige strekking kragteloos is. Dit geld vir sowel die gedrag van 'n verteenwoordiger wat die pleeg van 'n misdad ten doel het, of nalatige gedrag van 'n verteenwoordiger wat op die pleeg van 'n misdryf neerkom. So byvoorbeeld is 'n versuim aan die kant van 'n orgaan of verteenwoordiger van 'n regspersoon om 'n positiewe handeling te verrig of om 'n regspil na te kom wat deur die reg op die regspersoon self of die verteenwoordiger geplaas is, 'n opsetlike of nalatige versuim wat *ultra vires* is en nie deur die regmatige doelstellings van die prinsipaal van die orgaan of verteenwoordiger gedek is nie.

Die grondslag van die reël dat 'n regspersoon *privaatregtelik* vir die onregmatige dade van sy verteenwoordigers aanspreeklik is, berus myns insiens op die feit dat 'n regspersoon regtens verantwoordelik gehou moet word vir die

gedrag van sy organe, verteenwoordigers en werknemers, in gevalle waar daardie besondere optrede van diesulkes as aktiwiteite of bedrywighede van die regspersoon beskou kan word. Dit is myns insiens niks minder as billik dat 'n regspersoon teenoor die gemeenskap verantwoordelik is vir sekere optrede van sy organe, verteenwoordigers en werknemers wat as risiko's van sy bedrywighede beskou kan word nie. Dit is veral billik omdat die enigste ander verbintenissekkende bron vir die privaatregtelike aanspreeklikheid van individue en regspersone vir skade deur hulle werknemers veroorsaak, naamlik die onregmatige dadereg, hier ontoepaslik is, omdat die regspersoon self geen onregmatige en skuldige handeling kan verrig nie. Sodanige optrede deur 'n orgaan, verteenwoordiger of werknemer van die regspersoon kan as gevolg van die *ultra vires*-leerstuk, die prinsipaal ook nie bind nie.

Om 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik te hou sal myns insiens ook na 'n ander grondslag as die pleeg van 'n misdryf deur die regspersoon gesoek moet word.

Daarom sal, wat die strafreg betref, 'n verklaring van die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone eweneens anders moet wees as die verklaring van 'n mens se strafregtelike aanspreeklikheid.

3. DIE TOEPASLIKE REGSREËLS BY STRAFREGTELIKE AANSPREKLIKHEID VAN REGSPERSONE

Alvorens ek oorgaan tot die bespreking van 'n moontlik aanvaarbare regverdediging van 'n regspersoon se strafregtelike aanspreeklikheid, is dit noodsaaklik om kortliks in te gaan op die oorsprong van die toepaslike Suid-Afrikaanse regsreëls en die besondere regsreëls self. Ter inleiding hiervan word ook na die Anglo-Amerikaanse en Nederlandse regsreëls in hierdie verband verwys.

3.1 Anglo-Amerikaanse reg

Die ontwikkeling van die Anglo-Amerikaanse reg met betrekking tot die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone is besonder interessant (kyk oor die algemeen Perkins, 1969, p. 640; Michael and Wechsler, 1956, p. 156 e.v.; Gordon, 1967, p. 282 e.v.; Williams, 1961, p. 853 e.v.; Smith and Hogan, 1969, p. 105 e.v. en 192 e.v.; Leigh, 1969). In die vroeë 19de eeu is begin om regspersone strafregtelik aanspreeklik te hou vir sogenaamde „civil offences”. Laasgenoemde oortredings is nie as „true crimes” beskou nie, omdat hulle nie as *mala in se* gesien is nie. (Misdade wat as *mala in se* beskou

is, was misdade wat uiteraard moreel afkeurenswaardig is, dit wil sê 'n immorele karakter het byvoorbeeld moord, bedrog ensovoorts.) Vir hierdie misdade is moreel afkeurenswaardige gedrag aan die kant van die dader of skuld (*mens rea*) 'n vereiste. Daarenteen is 'n „civil offence” 'n blote oortreding van een of ander positiewe verpligting wat nie op 'n morele oortreding neerkom nie. Omdat immoraliteit by sulke oortredings ontbreek, is ook geargumenteer dat morele skuld of *mens rea* nie 'n vereiste vir 'n skuldigbevinding is nie, en die straf vir oortreding daarvan is slegs 'n boete. Omdat skuld nie as 'n vereiste vir hierdie oortredings geld nie, was dit ook maklik om 'n regs persoon wat nie skuld kan hê nie, strafregtelik vir hierdie misdade aanspreeklik te hou wanneer die regs persoon se amptenare en dienaars die oortreding begaan het. Die voorwaarde was egter dat die beginsel van *respondeat superior* van toepassing moes gewees het. Hierdie privaatregtelike beginsel was van toepassing indien 'n werkgewer se werknemer oor wie hy beheer („control”) of 'n reg op beheer („right of control”) het, „in the course of his employment” 'n onregmatige daad gepleeg het. Omdat die werkgewer oor sulke optrede beheer het, lui die argument, is hy vir sy gedrag verantwoordelik. Dieselfde beginsel is toegepas op strafregtelike aanspreeklikheid van 'n werkgewer, selfs waar 'n werkgewer 'n regs persoon was. Strafregtelike aanspreeklikheid het dus in hierdie gevalle middellike aanspreeklikheid gebly, en die enigste vraag was of die oortreder in diens van die regs persoon was (of hy nou 'n uitvoerende amptenaar, direkteur of gewone arbeider was of nie) en of hy die „civil wrong” „in the course of his employment” begaan het.

Aan die begin van hierdie eeu het die volgende stap gekom, toe regs persone ook vir sogenaamde „true crimes” (*mala in se*), aanspreeklik gehou is, dit wil sê misdade wat ook morele oortredings is en waar „moral guilt” of skuld (*mens rea*) 'n vereiste is. Die howe kon egter in hierdie gevalle nie met middellike aanspreeklikheid gewerk het nie, omdat 'n regs persoon nie skuld kan hê nie en dit een van die vereiste vir 'n skuldigbevinding aan hierdie misdade is. Die enigste uitweg was toe om die skuld van die dader op die regs persoon te projekteer. So 'n projeksie kon egter nie gemaak word nie tensy die dader 'n sogenaamde „controlling officer” van die regs persoon is wat normaalweg die bevoegdheid het om die regs persoon na buite te verteenwoordig. Diesulkes wat die uitvoerende bevoegdheid van die regs persoon het „... may well be treated as so far representing the corporation and identified with it, that any wanton, malicious or oppressive intent of his, in doing wrongful acts in behalf of the corporation to the injury of others, may be treated as the intent of the corporation itself” (Perkins, 1969, p. 641). Die uitvoerende beamptes se optrede in die loop van die uitvoering

van hulle bevoegdhede of pligte word dus geïdentifiseer as dié van die regspersoon, en daarom is die regspersoon regstreeks aanspreeklik vir die misdade („true crimes”) wat hierdie uitvoerende beamptes in die loop van hulle diens gepleeg het. Hierdie tweeledige strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone is ook vervat in die Amerikaanse *Model Penal Code* van 1962 in artikel 2.07 (kyk ook Michael en Wechsler, 1956, p. 159).

3.2 Nederlandse reg

Wat die Nederlandse reg betref, is reeds in 1886 by die inwerkingtreding van die Nederlandse Wetboek van Strafrecht deur die bepalings in Boek I van die Wetboek (artikel 9 en 23, subartikel 4, en artikel 51) duidelik gestel dat slegs natuurlike persone subjek van strafbedreiginge kan wees (Vergelyk ook Pompe, 1953, p. 82; Zevenbergen, 1924, p. 46 en Hazewinkel-Suringa, 1973, p. 68 e.v.). Alhoewel regspersone dus self nie vervolgt kan word nie, sluit dit nie die moontlikheid uit dat amptenare en werknemers van die regspersoon gestraf kan word vir misdade wat hulle in die loop van die uitvoering van hulle bevoegdhede en pligte gepleeg het nie (Van Hamel, 1927, p. 103)³). Hierdie posisie het egter veral gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog verander, toe deur middel van spesiale wetgewing buite die Strafwetboek om voorsiening gemaak is vir die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone op besondere terreine. Dit lyk asof hierdie wetgewing veral nodig was om sluikhandel aan bande te lê (Pompe, 1953, p. 82; Van Bemmelen 1955, p. 261 e.v.). Die omvang van sulke aanspreeklikheid word dan deur elke betrokke wetgewing bepaal. Wat belangrik is, is dat die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone moontlik gemaak is omdat die behoefte daaraan op 'n spesifieke terrein besonderlik gevoel is. Dit lyk asof die juridiese konstruksie met betrekking tot strafregtelike aanspreeklikheid in hierdie wetgewing vervat ook maar daarop neerkom dat wanneer 'n persoon uit hoofde van sy diensbetrekking met die regspersoon binne die sfeer van die bedrywighede van die regspersoon 'n misdaad pleeg, hierdie misdaad dan aan die regspersoon toegereken word (Van Bemmelen, 1955, p. 262 e.v.). Daar is ook tekens dat wetgewing waarin die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone verorden word, toeneem (Pompe, 1953, p. 82-83).

3) Volgens De Wet en Swanepoel (1975, p. 53) is dit ook die posisie in lande soos Duitsland, Switserland, Oostenryk en Noorweë.

3.3 Suid-Afrikaanse reg

Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat nòg die ontwikkelde Romeinse reg nòg die Romeins-Hollandse reg strafregtelike aanspreeklikheid van respersone geken het (De Wet en Swanepoel, 1975, p. 31, vn. 1; Zevenbergen, 1924, p. 46; Van Hamel, 1927, p. 162). Tot voor 1939, toe die posisie in Suid-Afrika deur wetgewing gereël is, was die regsreëls dat 'n regspersoon wel strafregtelik aanspreeklik gehou kan word maar slegs indien die wetgewer 'n sekere verpligting regstreeks op die regspersoon geplaas het en hierdie verpligting dan nie nagekom het nie (*R. v. Oudtshoorn Municipality* 25 SC (1908) 257 op 262). Tog is die regspersoon wat skuldig bevind is, nie self gestraf nie, maar wel enige direkteur, bestuurder of voorsitter van die regspersoon, tensy so 'n persoon kon bewys dat hy nie self aan die pleeg van hierdie misdaad deelgeneem het nie (Wet nr. 31/1917, art. 384(1)). In 1939 word die posisie ingrypend gewysig deur 'n Wysigingswet nr. 23 van 1939, wat die *Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering* van 1917 wysig. Artikel 117 van hierdie wysigingswet word artikel 384(1) van die ou *Kriminele Procedure en Bewijsleveringswet*, en hierdie artikel 384(1) word byna woordeliks oorgeneem in artikel 381 van die Strafproseswet nr. 56 van 1955, welke artikel 381 op sy beurt weer byna woordeliks oorgeneem is in artikel 332 van die nuwe Strafproseswet nr. 51 van 1977.

By die bestudering van die inhoud van hierdie artikel 332 van die Strafproseswet is dit baie duidelik dat dit 'n wyer strafregtelike aanspreeklikheid reël as dié wat in die Anglo-Amerikaanse lande en in Nederland geld; trouens, wyer as enige regstelsel waarvan ek bewus is. Hierdie wye aanspreeklikheid word ook hewig gekritiseer (De Wet en Swanepoel, 1975, p. 56 e.v.; kyk ook Burchell en Hunt, 1970, p. 336 e.v.).

In hierdie stadium wil ek 'n aantal besware bespreek wat deur skrywers uitgespreek is teen strafregtelike aanspreeklikheid van regpersone, besware wat deur die artikel self gehanteer is.

Die eerste beswaar, onder andere deur De Wet en Swanepoel geopper, is dat dit nie moontlik is om strafregtelike aanspreeklikheid van regpersone met die algemene beginsels van strafregtelike aanspreeklikheid te versoen nie. Hulle verwys na Von Savigny se stelling dat die strafreg met die mens as denkende en willende wese te doen het en dat die regspersoon, nieteenstaande al die teorieë, 'n ideële ding bly wat nie self kan dink en wil nie. Hierdie kunsmatige persoon is dus nie in staat tot die verrigting van 'n *actus reus* (onregmatige handeling) of tot die vorming van 'n skuldige gesindheid nie (De Wet en Swanepoel, 1975, p. 56; kyk ook Zevenbergen, 1924, p. 4; Van Hamel, 1927, p. 162 en Burchell en Hunt, 1970, p. 337). Artikel 332

(1) omseil hierdie beswaar deur die bepaling dat die onregmatige handeling en die skuld van die persoon vir wie die regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou kan word, geag word dié van die regspersoon self te wees. Skuld word dus deur hierdie fiksie tog as voervereiste vir die regspersoon se strafregtelike aanspreeklikheid gestel deurdat dit aan die regspersoon toegereken word.

'n Tweede beswaar is dat as algemene reël van die strafreg 'n beskuldigde sy verhoor persoonlik moet bywoon (Burchell en Hunt, 1970, p. 337). Omdat 'n regspersoon nie 'n fisiese liggaam het nie, kan hy dus nie verhoor word nie. Hierdie probleem het artikel 332(2) probeer oorkom deur die bepaling dat 'n direkteur of dienaar van die regspersoon as verteenwoordiger van die regspersoon gedaag word. Die eienaardigheid van die bepaling is egter dat die verteenwoordiger as oortreder gedaag word, maar in die geval van 'n skuldigbevinding word die regspersoon gestraf. Die bedoeling van die wetgewer is klaarblyklik dat die verteenwoordiger in sy verteenwoordigingshoedanigheid as oortreder gedaag word (Wet no. 51/1977, art. 332(2) (c)) en in sy verteenwoordigingshoedanigheid skuldig bevind word, wat dan eintlik daarop neerkom dat die regspersoon vervolg en skuldig bevind word.

'n Derde beswaar is dat sommige misdade slegs strafbaar is met liggaamlike straf (lyfstraf, gevangenisstraf en doodstraf) (Burchell en Hunt, 1970, p. 337). Omdat 'n regspersoon geen liggaam het nie, kan hy buitendien nie vir hierdie misdade gestraf word nie. Hierdie probleem word oorkom deur die bepaling van artikel 332(2)(c), wat reël dat 'n regspersoon slegs by wyse van die oplegging van 'n boete gestraf kan word, selfs al is die oplegging van 'n boete nie vir die besondere misdaad toepaslik nie.

Teen die beswaar dat 'n algemene strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone onmoontlik is omdat sommige misdade vanweë hulle besondere aard slegs deur 'n mens gepleeg kan word omdat besondere persoonlike eienskappe 'n *sine qua non* daarvoor is (byvoorbeeld verkragting en bigamie), het die wet geen duidelike antwoord verskaf nie. Artikel 332(1) bepaal bloot dat 'n regspersoon weens 'n misdryf, statutêr of gemeenregtelik, gestraf kan word. In die Engelse teks word egter pertinentier verklaar dat die regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou kan word „... for any offence”. Die verdere belangrike beswaar dat 'n regspersoon tog nie vir die *ultra vires*-handelinge van sy verteenwoordigers en organe aanspreeklik gehou kan word nie en dat sodanige optrede nie aan die regspersoon toegereken kan word nie, is blykbaar nie as 'n probleem beskou wat strafregtelike aanspreeklikheid in hierdie gevalle in die weg staan nie.

Alvorens op die meriete van hierdie besware ingegaan word, is dit nodig om die toepaslike regsreëls van nader te bekyk.

3.3.1 Watter regspersone kan strafregtelik aanspreeklik gehou word?

Die eerste vraag wat aan die orde gestel word, is watter regspersone strafregtelik aanspreeklik gehou kan word. Die bewoording van artikel 332 is sodanig dat dit lyk asof enige regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou kan word. Uit ons gerapporteerde beslissings is dit duidelik dat dit veral die geregistreerde maatskappy is wat wins bejag wat meesal kragtens hierdie artikel vervolg word.

'n Moeilike probleem ontstaan egter wanneer die moontlike vervolgbaarheid van owerheidsliggame met regspersoonlikheid, soos byvoorbeeld munisipaliteite en provinsiale rade, en selfs die Staat, oorweeg moet word⁴). Wat strafregtelike staatsaanspreeklikheid betref, kan gewys word op die vermoede by wetsuitleg dat die wetgewer, die Staat, nie deur 'n wet gebind is nie, hoe algemeen en omvattend die bewoording van die wet ook al mag wees, tensy die teenoorgestelde blyk uit 'n uitdruklike bepaling, 'n duidelike wetsduiding of ander toelaatbare aanwysings (kyk ook Steyn en Van Tonder, 1974, p. 73). Hierdie vermoede teen staatsgebondenheid geld veral indien die Staat deur 'n strafbepaling in die wet getref sou word. Hierdie vermoede geld ook in geval van gemeenregtelike misdade (Steyn en Van Tonder, 1973, p. 80).

Die oorsprong van hierdie vermoede behandel ek nie, behalwe dat in die verbygaan genoem kan word dat L.C. Steyn die vermoede deels terugherlei na die Romeinsregtelike leerstuk van *princeps legibus solutus est* en die Engelsregtelike beginsel van „the King can do no wrong” (Steyn en Van Tonder, 1973, p. 73). Myns insiens is dit logies dat die Staat nie aan statu-têre en gemeenregtelike strafbepalings onderworpe gestel kan word nie⁵). omdat dit onaantvaarbaar is om te beweer dat die Staat homself kan vervolg en straf⁶). Alhoewel ek nie te kenne wil gee dat die Staat nie aan 'n wet ge-

4) In die Nederlandse reg is nog nie daartoe oorgegaan om die Staat as regspersoon strafregtelik aanspreeklik te stel nie, alhoewel plaaslike owerhede wel strafbaar is kragtens sekere wetgewing (Hazewinkel-Suringa, 1973, p. 80). Laasgenoemde skrywer het egter die volgende vraag gestel: „Hoe lang zal het nog duren voor de Staat zich zelf in de staart bijt”?

5) Sien ook die opmerkings van regter Trengove in *S. v. de Bruin supra* op 61 D.

6) Art. 2(1) van die Strafproseswet lui: „Die gesag om 'n vervolging in te stel en waar te neem ten opsigte van 'n misdryf met betrekking waartoe 'n laer hof of 'n hoër hof in die Republiek regsbevoegdheid uitofen, is in die Staat gevestig”.

bonde is bloot op grond daarvan dat die wet 'n aantal strafbepalings skep nie, dink ek dat dit veilig is om te aanvaar dat die Staat as regspersoon in elk geval nie aan die strafbepalings van 'n wet onderworpe is nie en daarom ook nie aan artikel 332 van die Strafproseswet nie.

'n Moeiliker vraag om te beantwoord is of 'n provinsiale raad of 'n munisipaliteit, wat ondergeskik is aan die Parlement, of enige ander regspersoon wat deur die Staat beheer word, deur artikel 332 van die Strafproseswet getref word. Ek dink dat die volgende oplossing aan die hand gedoen kan word. Wat 'n provinsiale raad en 'n munisipaliteit se eie wette betref, geld die vermoede teen gebondenheid van hierdie owerheidsregspersone aan strafbepalings in hierdie wette vervat. Die genoemde regspersone behoort dus nie vervolgt te kan word op grond van artikel 332 van die Strafproseswet vir 'n misdaad deur sy eie wette geskep nie. Aan die ander kant is dit geregtig om te verklaar dat 'n ondergeskikte owerheidsliggaam wel aan die gemene reg en die wette van die Parlement gebonde is en gevolglik kragtens artikel 332 van die Strafproseswet vervolgt kan word vir 'n misdaad ooreenkomstig die gemene reg of 'n wet van die Parlement. Laasgenoemde behoort ook die posisie te wees waar 'n ondergeskikte owerheidsliggaam ook aan 'n ander owerheidsliggaam ondergeskik is (kyk *R. v. Bethlehem Municipality* 1941 OPA 227 p. 229).. Daarom behoort 'n munisipaliteit vervolgt te kan word vir 'n misdaad geskep deur 'n wet van die provinsiale raad. Laastens meen ek dat alle selfstandige regspersone, al is hulle staatsbeheerd, ondergeskik is aan die strafbepalings van 'n wet van enige owerheidsliggaam.

Alhoewel ek geen gerapporteerde beslissing kon vind waarin 'n provinsiale raad as regspersoon kragtens artikel 332(1) of hierdie artikel se voorgangers vervolgt is nie, is daar wel gerapporteerde beslissings waarin munisipaliteite vervolgt en skuldig bevind is. In *R. v. Bethlehem Municipality* (1941 OPA 227 op 229) verklaar die hof: „The powers a provincial legislature to provide criminal sanctions incident also on municipalites is beyond question”. Die hof rig in hierdie verband egter 'n waarskuwing deur daarop te wys dat 'n munisipaliteit nie 'n gewone regspersoon soos 'n geregistreerde maatskappy is nie, maar 'n owerheid, plaaslik van aard, maar nogtans 'n owerheid, en daarom verwag die hof dat 'n wet wat poog om strafregtelike aanspreeklikheid op so 'n owerheid te skep, dit in duidelike en onomwonde taal moet doen. Ek moet egter daarop wys dat hierdie opmerking moontlik te eng is, omdat die *Interpretasiewet* nr. 33 van 1957⁷⁾ bepaal dat waar 'n

7) Ook die Interpretasiewet nr. 5 van 1910, art. 3.

wet die woord persoon gebruik dit ook 'n afdelingsraad, munisipale raad, dorpsbestuur of dergelike gesag⁸⁾ omvat. Die gevolg hiervan is dat waar 'n wet 'n persoon strafregtelik aanspreeklik stel, die wetgewer dit eerder in duidelike en onomwonde taal moet stel dat so 'n owerheidsgesag spesifiek van strafregtelike aanspreeklikheid uitgesluit is.

Die konklusie is myns insiens dat enige regspersoon kragtens artikel 332 van die Strafproseswet vervolg sal kan word vir misdrywe geskep deur 'n owerheidsgesag waaraan hy onderworpe is, en vir gemeenregtelike misdrywe, uitgesonderd die Staat, wat dan nie strafregtelik aanspreeklik is nie.

Dit is in elk geval duidelik dat enige amptenaar of werknemer van die regspersoon, ingeslote staatsamptenare, persoonlik vervolg kan word vir enige misdryf wat hy self gepleeg het, al is dit in sy hoedanigheid as amptenaar of werknemer van die regspersoon.

4. OMSTANDIGHEDE WAARONDER 'N REGSPERSOON STRAFREGTELIK AANSPEEKLIK GEHOU KAN WORD

4.1 Die vereiste verhouding tussen die oortreder en die regspersoon

Omdat artikel 332 van die Strafproseswet voorskryf dat die misdade van sekere persone aan die regspersoon toegereken word, is dit nodig om vas te stel wie hierdie persone presies is.

In die eerste plek blyk dit dat 'n misdaad deur 'n direkteur van 'n regspersoon onder sekere omstandighede aan laasgenoemde toegereken kan word. Volgens subartikel 10 van artikel 332 beteken die woord *direkteur* iemand wat daardie regspersoon beheer of bestuur of wat lid is van 'n liggaam of groep persone wat daardie regspersoon beheer of bestuur of, waar daar nie so 'n liggaam of groep is nie, iemand wat bloot lid is van daardie regspersoon.

Volgens ons regspraak betrek hierdie artikel in elk geval nie net organe of verteenwoordigers van die regspersoon wat kragtens sy konstitusie bevoegd is om die regspersoon te bestuur of te beheer of kontrole oor al die aktiwiteite of sekere daarvan uit te oefen nie, maar ook buitestaanders wat be-

8) Die woorde „dergelike gesag” dui blykbaar nie 'n provinsiale raad aan nie, omdat 'n provinsiale raad in art. 2 van die Interpretasiewet apart omskryf word.

heer of kontrole oor die regspersoon se aktiwiteite of dele daarvan uitoefen (kyk *S. v. Marks* 1965 3 SA 843 (W) en *R. v. Mall* 1959 4 SA 607 (N).) Hierdie standpunt kom myns insiens daarop neer dat dit telkens 'n feitevraag is of die betrokke oortreder of die liggaam of groep persone waarvan hy lid is, in feitelike beheer was, al is dit slegs gedeeltelik, van die aktiwiteit of aktiwiteite van die regspersoon waaruit die pleeg van die misdryf voortgevloei het. Die probleem is egter dat dit hoegeenaamd nie duidelik is wat *in beheer* of kontrole presies behels nie. Dit blyk dat hierdie begrip vir die doeleindes van die onderhawige artikel so wyd is dat dit selfs „beïnvloeding” kan beteken indien hierdie beïnvloeding 'n effek op die besluit van die werklike beheerder of beheerliggaam van die regspersoon gehad het ten opsigte van die uitvoering van die betrokke aktiwiteit of aktiwiteite (kyk *S. v. Mark supra* en *R. v. Mall supra*). 'n Sinvoller beskouing sou moontlik wees dat die Staat bo redelike twyfel moet bewys dat die oortreder in feite nie net voorgeskryf het wat gedoen moet word nie, maar ook voorgeskryf het hoe die aktiwiteit uitgevoer moet word, en dat aan hierdie opdrag of beïnvloeding gehoor gegee is. So 'n persoon was dan vir die doeleindes van artikel 332 in beheer van die relevante aktiwiteit of aktiwiteite van die regspersoon en vir die doeleindes van die artikel 'n direkteur van die regspersoon vir wie se misdade laasgenoemde strafregtelik aanspreeklik gehou kan word.

Verder kan 'n regspersoon volgens artikel 332 ook strafregtelik aanspreeklik gehou word vir die misdade van sy dienare („servants”) onder sekere omstandighede. Die woord *dienaar* word nie omskryf nie. Sommige skrywers, onder andere Ferreira (1967, p. 269), handhaaf die standpunt dat ons gemeenregtelike reëls moet geld vir die vasstelling van wie 'n dienaar van 'n regspersoon is. Wat dit presies beteken, is onseker. Dit kan beteken dat iemand 'n dienaar is indien hy 'n gemeenregtelike dienskontrak met die regspersoon gesluit het. Andersyds kan dit beteken dat 'n gemeenregtelike dienskontrak nie 'n noodwendige vereiste is nie maar dat die betrokke persoon ook as 'n dienaar kwalifiseer indien hy vir die doeleindes van privaatregtelike middellike aanspreeklikheid as dienaar kwalifiseer⁹). Dit beteken dat in die afwesigheid van 'n gemeenregtelike dienskontrak vasgestel sal moet word

9) Dit is moontlik wat Burchell en Hunt (1970, p. 342) bedoel wanneer hulle verklaar: „... that a person qualifies as a 'servant' of a corporate body for the purpose of the section if he is regularly employed, whether by formal contract or otherwise”.

of die dader *de facto* in diens van die regspersoon was of nie. Volgens die meeste gewysdes oor privaatregtelike middellike aanspreeklikheid is 'n persoon *de facto* dienaar van die verweerder indien hy onder beheer of kontrole van die verweerder sekere werk verrig het (kyk *Penrith v. Stuttford* 1925 CPD 154, p. 159; *Kohlberg v. Uitenhage Municipality* 1926 EDL 90, p. 95; *McMillan v. Hubert Davies* 1940 WLD 256, p. 260, en *Colonial Mutual Life Assurance Society v. Macdonald* 1931 AD 412, p. 432 en 435). Hierdie toets het egter in die privaatreëg soveel probleme geskep dat ek daarvan oortuig is dat dit nie 'n aanvaarbare kriterium kan wees nie¹⁰). Tog is hierdie kontroletoes ook in strafsake as die kriterium aanvaar ter bepaling van die werkgewer-dienaarverhouding vir die doeleindes van artikel 332 van die Strafproseswet. In *R. v. Murray and Stewart* (1950 1 SA 194(K), p. 199) word verklaar: „only that corporate body can under the section of the Act be saddled with criminal liability under whose control such employee or servant was at the time when the wrong was committed”. Geen verduideliking word oor die betekenis van hierdie begrip en kriterium verskaf nie. Daarom kan verwag word dat dieselfde onduidelikheid as wat by privaatregtelike middellike aanspreeklikheid in hierdie verband opduik, hier te voorskyn kan tree. Later gee ek 'n voorstel aan die hand wat hierdie probleem moontlik kan oorkom.

In die derde plek kan 'n regspersoon ook volgens artikel 332(1) strafregtelik aanspreeklik gehou word vir die misdaad wat 'n buitestaander onder sekere voorwaardes gepleeg het, en indien die vreemdeling in opdrag van of met die uitdruklike of stilswyende goedkeuring van 'n direkteur of dienaar van die regspersoon opgetree het. Hierdie bepaling skep natuurlik 'n baie wye strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone. Die bewoording van die artikel is so wyd dat dit inderdaad groot twyfel geskep het oor die trefwydte daarvan. Dit lyk byvoorbeeld glad nie nodig te wees dat die Staat moet bewys dat hierdie buitestaander onder beheer van die regspersoon of laasgenoemde se direkteur of dienaar moes opgetree het of nie, want die vereiste is bloot dat hy in opdrag of met die toestemming van die direkteur of dienaar moes opgetree het. Tog het ons howe gepoog om hierdie bepaling beperkend uit te lê deur te vereis dat die Staat nogtans moet bewys dat die

10) 'n Breedvoerige bespreking hiervan word gemaak in my ongepubliseerde proefskrif *Middellike aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse Reg* (Potchefstroom, 1976), p. 567 e.v.

buitestaander op die relevante tydstip onder beheer van die regspersoon of laasgenoemde se direkteur of dienaar opgetree het. In die reeds aangehaalde Murray-saak verklaar die hof byvoorbeeld dat waar iemand anders se dienaar, 'n buitestaander dus, deur 'n regspersoon gebruik, geleen of gehuur word om 'n sekere taak te verrig, die beskuldigde regspersoon slegs strafregtelik aanspreeklik sal wees vir die misdaad van die geleende of gehuurde dienaar indien die Staat bewys dat die beheer oor die geleende of gehuurde dienaar van die eintlike werkgewer aan die beskuldigde oorgedra is. Vir gesag hiervoor beroep die hof hom op sake oor privaatregtelike middellike aanspreeklikheid. In *S. v. Gains* (1969 3 SA 523(N)) moes die hof beslis of 'n beskuldigde regspersoon aan strafbare manslag skuldig bevind kan word waar iemand gesterf het as gevolg van 'n nalatige handeling deur 'n onafhanklike kontrakteur wat die beskuldigde regspersoon gebruik het om werk vir hom te doen. Die nalatige optrede van die onafhanklike kontrakteur het voorgekom gedurende die uitvoering van hierdie werk. Die hof verklaar dat die beskuldigde regspersoon slegs in hierdie omstandighede skuldig bevind kan word indien sy eie direkteur of dienaar nalatig was. Vir die nalatige optrede van die onafhanklike kontrakteur is die regspersoon egter nie strafregtelik aanspreeklik nie (kyk ook *R. v. Alexander* 1936 AD 445), en vir gesag hiervoor beroep die hof hom weer eens op die posisie by privaatregtelike middellike aanspreeklikheid. Myns insiens is die beslissing in albei hierdie sake nie in ooreenstemming met die bewoording van artikel 332 nie. Volgens die bewoording van hierdie artikel sal 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik wees indien die buitestaander 'n misdaad gepleeg het in die loop van 'n aktiwiteit wat hy in opdrag of met die toestemming van 'n 'n direkteur of dienaar (*a fortiori* met die toestemming van die regspersoon) verrig het.

4.2 Die vereiste verband tussen die pleeg van die misdaad en die aktiwiteite van die regspersoon

Ter verduideliking hiervan is dit nodig om 'n onderskeid te maak tussen die gevalle waar die regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou word vir die misdade van direkteure en dienare aan die een kant en vir die misdade van buitestaanders aan die ander kant.

Volgens artikel 332(1) sal 'n regspersoon eerstens strafregtelik aanspreeklik gehou kan word indien 'n direkteur of dienaar 'n misdaad pleeg by die uitoefening van sy bevoegdhede of pligte as direkteur of dienaar van die regspersoon. Die Engelse teks lui dat die direkteur of dienaar die misdaad

moes gepleeg het „in the exercise of his powers or in the performance of his duties as such director or servant”. Tweedens bepaal die artikel dat 'n regspersoon ook strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir die misdaad van 'n direkteur of dienaar gepleeg in die loop van 'n handeling wat hy ter bevordering of gepoogde bevordering van die belange van die regspersoon verrig het, en dit lyk vir my asof dit in hierdie gevalle irrelevant is of die optrede van die direkteur of dienaar binne sy bevoegdhede of pligte val of nie.

Oor wanneer presies 'n direkteur of dienaar 'n misdaad in die loop van die uitoefening van sy bevoegdhede of pligte pleeg, bestaan hoegenaamd nie duidelikheid nie. Strafsake waarin uitspraak gelewer is op hierdie punt is seldsaam (kyk *R. v. Bennett & Co.* 1941 TPD 194; *Durban Baking Co. v. R* 1945 NPD 136; *O'Reilly Builders v. R.* 1946 NPD 392.) Die feite in die meeste sake was ook sodanig dat geen besondere probleem in hierdie verband ontstaan het nie, omdat die misdade wat ter sprake was, neergekom het op 'n onbehoorlike uitvoering van een of ander besondere verpligting of bevoegdheid van die dader. Indien die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone in hierdie gevalle moontlik tot onbehoorlike uitvoering van spesifieke verpligtinge van direkteure en dienare beperk is, is die toepassing van die reël nie te problematies nie. Dit sou beteken dat 'n hof telkens eerstens sal moet vasstel of die Staat bewys het wat die pligte en bevoegdhede van die betrokke direkteur of dienaar was, en tweedens sal moet beslis of die Staat bewys het dat die direkteur of dienaar hierdie plig sodanig uitgevoer het dat dit op die pleeg van 'n misdaad neerkom. Dit is egter 'n ope vraag of dit die enigste gevalle is waar 'n werknemer in die loop van die uitvoering van sy bevoegdhede of pligte 'n misdaad pleeg. Die antwoord hierop sal onseker bly totdat duidelikheid verkry is oor die ware aard en doel van strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone. Hieroor later meer.

Soos hierbo uiteengesit kan 'n regspersoon ook strafregtelik aanspreeklik gehou word waar sy dienaar of direkteur 'n misdaad gepleeg het terwyl hy die belange van die regspersoon bevorder het of gepoog het om dit te bevorder, al hou sy optrede glad nie verband met sy bevoegdhede of pligte nie. Die feit dat hierdie optrede van die direkteur of dienaar nie met sy bevoegdhede of pligte verband hoef te hou nie, stel natuurlik 'n baie wye strafregtelike aanspreeklikheid daar. Hierdie strafregtelike aanspreeklikheid is byvoorbeeld baie wyer as die privaatregtelike middellike aanspreeklikheid van werkgewers, want in die privaatrek geld die reël dat die optrede van die werknemer steeds met die algemene aard van sy werk verband moes gehou het (*SAR & H. v. Marais*). Myns insiens behoort aan hierdie laasgenoemde reël ook voorkeur gegee te word by die bepaling van die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone.

Verder kan 'n regspersoon volgens artikel 332(1) in twee omstandighede vir die misdade van buitestaanders strafregtelik aanspreeklik gehou word. Die eerste geval is waar die direkteur of dienaar aan die buitestaander opdrag gee of toestemming verleen om 'n handeling te verrig, welke opdrag of toestemming deel is van die direkteur of dienaar van die regspersoon se bevoegdhede of pligte. Indien die buitestaander hierdie handeling op so 'n wyse verrig dat dit op die pleeg van 'n misdaad neerkom, is die regspersoon daarvoor strafregtelik aanspreeklik. Die tweede geval is waar 'n direkteur of dienaar aan 'n buitestaander opdrag gee of toestemming verleen om iets in belang van die regspersoon te doen, ongeag daarvan of hierdie opdrag of toestemming deel van die direkteur of dienaar se bevoegdhede of pligte is, en die buitestaander hierdie opdrag of toestemming sodanig uitvoer dat dit op die pleeg van 'n misdaad neerkom.

Dit is interessant dat ons howe, sover my kennis strek, nog nie laasgenoemde twee reëls in verband met die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone toegepas het nie. Trouens, die teenoorgestelde het gebeur, naamlik dat in twee gevalle waar ons howe met die moontlike strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone vir die misdade van buitestaanders te doen gekry het, telkens vereis is dat die Staat moet bewys dat die regspersoon op die betrokke tydstip beheer oor die optrede van die buitestaander gehad het. Omdat dit nie bewys is nie, is die regspersoon nie strafregtelik aanspreeklik gehou nie, nieteenstaande die feit dat die buitestaanders in hierdie gevalle in opdrag van die regspersoon in laasgenoemde se bedoelde belang opgetree het (kyk *R. v. Murray & Stewart* 1950 1 SA 194 (K); *S. v. Cains* 1969 3 SA 523 (N).)

4.3 Vir watter misdade kan 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou word?

'n Verdere probleem wat in verband met die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone genoem kan word, is die vraag of 'n regspersoon vir enige misdaad vervolg en skuldig bevind kan word.

Die bewoording van artikel 332(1) is sodanig dat 'n regspersoon wel vir enige misdryf vervolg en skuldig bevind kan word. Volgens die standpunte van sommige skrywers en uit sommige hofuitsprake is dit egter nie moontlik om 'n regspersoon vir alle soorte misdade aanspreeklik te hou nie. De Wet en Swanepoel (1975, p. 58, n. 69) is van mening dat dit onmoontlik is om 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik te hou vir seksuele vergrype en familieregtelike misdade (kyk ook Ferreira, 1967, p. 268). Burchell en Hunt (1970, p. 337, 339) noem in hierdie verband verkragting en bigamie. Wat

statutêre misdade betref, is in sommige sake beslis dat 'n regspersoon nie kragtens die Strafproseswet aan 'n misdryf skuldig bevind kan word indien die regspersoon kragtens 'n besondere wet van vervolging vir die besondere misdryf uitgesluit is nie (kyk *R. v. City Silk Emporium*s 1950 1 SA 823 (T); *S. v. Sutherland* 1972 3 SA 385 (N).) Vir hierdie besondere probleem is daar myns insiens ewe veel argumente vir en teen die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone vir enige misdaad. Indien 'n mens die grondslag van die aanspreeklikheid van die regspersoon soos deur die Strafproseswet self aanvaar voorstaan, naamlik dat die besondere handeling van 'n direkteur, dienaar of buitestaander onder sekere omstandighede geag word 'n handeling (met dieselfde opset as daar opset by is) deur daardie regspersoon verrig te gewees het, kan myns insiens wel bedenkinge bestaan ten opsigte van die standpunt dat 'n regspersoon aan verkragting of bigamie skuldig bevind kan word. Indien toerekening van misdade aan 'n regspersoon die grondslag van sy strafregtelike aanspreeklikheid is, is 'n mens geneig om slegs daardie misdadige handelinge van direkteure, dienare en buitestaanders aan die regspersoon toe te wil reken wat met verwysing na die besondere bedrywighede van die regspersoon moontlik gepleeg kan word. Aan die ander kant kan net so wel geargumenteer word dat die pleeg van enige misdryf persoonlike menslike eienskappe vereis en dat die Strafproseswet slegs die regspersoon oordragtelik strafregtelik verantwoordelik hou vir die misdaad wat sekere mense onder sekere omstandigheid gepleeg het. Indien die saak so beskou word, is dit natuurlik moontlik om die regspersoon strafregtelik verantwoordelik en dus aanspreeklik te hou vir enige misdaad deur persone gepleeg vir wie se optrede die regspersoon verantwoordelik is. Buitendien bepaal artikel 332(11) van die Strafproseswet dat die bepalings van artikel 332 enige ander wetsbepaling aanvul wat die vervolging van 'n regspersoon of sy direkteur of dienaar moontlik maak. Die effek hiervan is dat waar 'n besondere wet 'n strafbepaling skep en 'n regspersoon van vervolging vrywaar maar nie enige direkteur of dienaar van die regspersoon nie, artikel 332 van die strafprosesreg hierdie bepaling aanvul juis omdat die Strafproseswet voorsiening maak vir die vervolging van die regspersoon vir die misdaad wat sy direkteur of dienaar by die uitoefening van sy bevoegdhede of pligte of ter bevordering van die regspersoon se belange gepleeg het¹¹⁾. Tog lyk dit eienaardig dat een

11) In die *City Silk*-saak supra is hierdie moontlikheid nie deur die hof oorweeg nie. In *R. v. Smith* 1960 4 SA 364 (O) is myns insiens verkeerdelik te kenne gegee dat artikel 381(11) van die ou Strafproseswet (nr. 56/1958) (inhoudelik dieselfde as art. 332(1) van die nuwe Strafproseswet (nr. 51/1977)) die saak in hierdie probleemgevalle nie verder voer nie.

wet 'n regspersoon spesifiek uitsluit van strafregtelike vervolging en hierdie reël deur 'n ander wetsbepaling kragtelos gemaak word.

Daar is egter wel heelwat hofuitsprake waarin die houding ingeneem is dat 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir enige misdaad, nieteenstaande die feit dat die grondslag van die aanspreeklikheid op die juridiese konstruksie van 'n toegerekende handeling aan die regspersone berus (kyk *A-G. v. Devon Properties* 1952 2 SA 328 (T); *R. v. Bennett* 1941 TPD 194, p. 200.). In 'n aantal sake is 'n regspersoon skuldig bevind aan strafbare manslag (*S. v. Joseph Mtshumayeli* 1971 1 SA 33 (RA); *O'Reilly Builders v. R* 1946 NPD 392; *R. v. Bennett supra*) asook aan bedrog (*R. v. Frankfort Motors* 1946 OPD 255; *R. v. Van Heerden* 1946 AD 168), en in een saak het die hof self die *obiter* opgemerk dat 'n regspersoon aan moord skuldig bevind mag word. Sodanige standpunt kan myns insiens slegs opgaan indien geargumenteer word dat die regspersoon verantwoordelik is vir die misdade wat sekere mense onder sekere omstandighede pleeg, en nie wanneer geargumenteer word dat die optrede van hierdie mense geag word die van die regspersoon te wees nie. Die verklaring van die regspersoon se aanspreeklikheid vir misdade soos strafbare manslag, moord, bedrog, verkrachting ensovoorts kan slegs geskied op grond van oordragtelike aanspreeklikheid en nie op grond van regstreekse aanspreeklikheid weens 'n toegerekende handeling en gesindheid nie. Indien met oordragtelike aanspreeklikheid gewerk word, verval De Wet en Swanepoel asook Burchell en Hunt se beswaar dat dit onmoontlik is om 'n regspersoon aan misdade soos verkrachting en bigamie skuldig te bevind¹²). Dat dit dan moontlik is, kan met die

12) Dit is ook die standpunt van Lee „Corporate Criminal Liability” 28 Columbia LR (1928), p. 185-6 en 199: „The risk and burden of acts incidental to a corporate enterprise may well fall upon those who benefit by the enterprise. The corporate functions are delegated to others to be performed, thereby separating the beneficial interest and its control. This fact of delegated or representative action which is the underlying principle in the conduct of practically all corporate activity forms the nexus leading to the policy of vicarious liability. From it also comes the limitation that the corporate shareholders are liable criminally only for acts of officers, directors, or employees which could reasonably be conceived of as having been undertaken in the corporate interest and which are done by an officer, director, or employee to whom was delegated the power to represent the corporation in that particular field of activity in which the criminal act occurs. These plastic considerations are of course, but suggestions as to an attitude of approach rather than the inflexible categories that result with judicial experience. It seems obvious, however, that no moral basis exists for such criminal liability. Rather, the basis is that entrance into an associated enterprise and accepted of its benefits carries with it the burden of jural liability for the conduct of

volgende voorbeeld geïllustreer word. Veronderstel 'n direkteur van 'n maatskappy besef dat die maatskappy in 'n finansiële verknorsing verkeer. Sy huwelik (die direkteur s'n) is bowendien op die rotse. Hy knoop 'n buite-egtelike verhouding met die dogter van 'n miljoenêr aan, maar sy vrou weier 'n egskedding. Hy besef dat indien hy met die miljoenêr se dogter kan trou, hy miskien genoeg geld van sy skoonvader sal kan bekom om die maatskappy te red. Nou gee hy op 'n bedrieglike wyse voor dat hy onge-troud is, en deurloop 'n huwelikseremonie met die miljoenêrsgogter. Op grond van die bewoording van artikel 332(1) van die Strafproseswet kan die regspersoon in hierdie omstandighede strafregtelik aanspreeklik gehou word vir die bigamie van die direkteur¹³). Die direkteur kon net sowel bloed-skande, verkragting of bedrog gepleeg het met die doel om geld vir sy maatskappy af te pers. Dit is myns insiens onaanvaarbaar om te verklaar dat die regspersoon aan hierdie misdrywe skuldig is omdat hy dit sou gepleeg het. Indien nog steeds gearchumenteer word dat dit absurd is om 'n regspersoon in hierdie voorbeeld strafregtelik aanspreeklik te hou, moet die grond vir so 'n argumentasie gevind word met verwysing na die grondslag en doel van straf-regtelike aanspreeklikheid van regspersone. Om bloot te beweer dat 'n regspersoon nie aan hierdie misdade skuldig bevind kan word nie omdat hy nie fisiek tot die pleeg daarvan in staat is nie, is nie genoeg nie, want 'n regspersoon is fisiek tot die pleeg van geen misdaad in staat nie.

In hierdie stadium is dit dan nodig om 'n paar opmerkings te maak oor die doel en wese van strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone.

that enterprise. ... Certainly, all that seems necessary to a solution is a realization that the problem usually amounts to nothing other than the desirability of and the limits to the imposition of vicarious criminal liability in addition to or to the exclusion of holding criminally liable the persons actually committing the acts and participants therein. Then the usefulness of such anthropomorphic considerations as the evil intent of an entity's mind and the ability of the entity to conspire or to commit various acts from river pollution to adultery vanishes".

13) In *R. v. Bennett* 1941 TPD 194, p. 200 verklaar die hof dat die bewoording van artikel 384(1) (en dus ook art. 332(1)) so duidelik is dat 'n hof nie bevoeg is ,... to refrain from giving the section the effect of its plain meaning ..." nie. Gordon (1967, p. 283 en 284) is ook van mening dat 'n regspersoon aan 'n misdaad soos bigamie skuldig bevind kan word.

5. DIE DOEL EN WESE VAN STRAFREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID VAN REGSPERSONE

Die verklaring van die grondslag van 'n regspersoon se strafregtelike aanspreeklikheid deur die Strafproseswet, naamlik die toerekening van 'n misdaad aan die regspersoon, is onbevredigend. Hierdie verklaring is 'n uitstekkende voorbeeld van die toepassing van 'n onaanvaarbare fiksie. Ek kan nie insien waarom dit nodig is en hoe dit moontlik is om die *ultra vires*-handeling van 'n verteenwoordiger of orgaan van 'n regspersoon of selfs die optrede van 'n buitestaander aan die regspersoon as 'n eie handeling toe te reken nie. Indien die wetgewer konsekwent was met hierdie toerekeningsgedagte, sou hy nie daarvan weggeskram het om die regspersoon as oortreder te laat daag nie. Verder is dit ook eienaardig dat die wetgewer nie 'n pleit van skuldig deur die gedaagde verteenwoordiger van die regspersoon aanlaasgenoemde wil toereken tensy hierdie pleit deur die regspersoon gemagtig is nie (Wet nr. 51/1977, art. 332(2)).

Myns insiens lê die grondslag van 'n regspersoon se strafregtelike aanspreeklikheid eerder in die feit dat 'n regspersoon onder sekere omstandighede verantwoordelik geag moet word vir die optrede van sekere persone. Die reël dat een persoon gestraf kan word vir die misdaad wat iemand anders gepleeg het, is nie vreemd aan ons reg nie¹⁴). Alhoewel hierdie reëls soms hewig gekritiseer is (De Wet en Swanepoel, 1975, p. 100 e.g.), kry 'n mens die indruk dat hierdie kritiek bloot daarom gaan dat so 'n reël inbreuk maak op die gemeenregtelike beginsel van *nulla poena sine culpa*, sonder dat die vraag sinvol gestel word of daar nie miskien 'n werklike behoefte bestaan om 'n regspersoon of enige ander persoon te straf vir die misdade wat iemand anders gepleeg het nie. Ek kan nie daarmee saamstem dat dit noodwendig 'n onding is om iemand vir die misdaad van 'n ander te straf bloot omdat die Romeinse of Romeins-Hollandse reg so 'n reël of beginsel nie geken het

14) Burchell en Hunt (1970, p. 325 e.v.) bespreek 'n hele paar statutêre bepalings waardeur strafregtelike middellike aanspreeklikheid gereël word. Buite hierdie statutêre bepalings om bestaan ook nog die gemeenregtelike reël wat ons van die Engelse reg geërf het, naamlik dat 'n werkgewer middellik strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir 'n skuldlose misdaad wat sy werknemer in die loop van die uitvoering van sy pligte gepleeg het.

nie¹⁵⁾).

Dit is dus sinvol om te vra of daar werklik 'n behoefte bestaan om 'n regs-persoon strafregtelik aanspreeklik te hou vir die misdade van sekere persone en onder watter omstandighede sodanige aanspreeklikheid behoort te volg.

Om hierdie vraag te beantwoord loop 'n mens jou onmiddellik vas teen die mees algemeen aanvaarbare strafteorie waarvolgens die doel en wese van straf vir die pleging van een of ander misdaad, eerstens vergelding is vir die daad wat die dader gepleeg het, en tweedens as afskrifkking dien vir die dader en ander persone, sodat hy en hulle van soortgelyke optrede weerhou word (vergelyk die bespreking van strafteorieë in Pretorius, 1975, en Rabie, 1977).

Dit is onmiddellik duidelik dat hierdie teorie van die veronderstelling uitgaan dat die persoon wat die misdaad gepleeg het, vir sy daad gestraf moet word. Indien daar egter wel 'n behoefte bestaan vir die strafoplegging van 'n persoon wat nie self die misdaad gepleeg het nie, sal 'n aanpassing van die aanvaarbaarste strafteorie gemaak moet word.

Myns insiens kan 'n behoefte aan strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone wat nie self 'n misdaad kan pleeg nie, slegs bestaan indien die aktiwiteite van regspersone die staatsgesag in die vorm van die handhawing van wet en orde asook die gemeenskapsekuriteit ernstig bedreig. Daar sal dus vasgestel moet word of die aktiwiteite van 'n regspersoon of sekere van sy aktiwiteite wat deur sy amptenare en dienare verrig word, 'n ernstige bedreiging vir die Staat en die gemeenskap inhou en hierdie bedreiging op geen ander manier effektief bekamp of verhoed kan word as om die regspersoon self met strafregtelike aanspreeklikheid te bedreig nie. Nou is dit so dat 'n regspersoon in staat is om deel te neem aan die meeste algemene menslike

15) The US Supreme Court het in *New York Central Railroad Co. v. United States* 212 US 481 die volgende insiggewende opmerking gemaak: „We see no valid objection in law, and every reason in public policy, why the corporation which profits by transactions, and can only act through its agents and officers, shall be held punishable by fine because of the knowledge and intent of its agents to whom it has intrusted authority to act in the subject-matter..., and whose knowledge and purposes may well be attributed to the corporation for which the agents act. While the law should have regard to the rights of all, and to those of corporations no less than to those of individuals, it cannot shut its eyes to the fact that the great majority of business transactions in modern lines are conducted through these bodies, and particularly that interstate commerce is almost entirely in their hand, and to give them immunity from all punishment because the old and exploded doctrine that a corporation cannot commit a crime would virtually take away the only means of effectually controlling the subject-matter and correcting the abuses aimed at”.

bedrywighede en dat daardie regsvoorskrifte wat sulke bedrywighede reguleer en die oortreding van hierdie regulasies met straf bedreig, seer sekerlik ook op regspersone van toepassing is. Dink maar aan regsvoorskrifte wat die handel, mynbou en fabriekswese reguleer en oortredings daarvan met straf bedreig. De Wet en Swanepoel (1975, p. 56) voer aan dat wanneer 'n regspersoon aan sulke bedrywighede deelneem, die misdaadsomskrywing in die wette wat op hierdie bedrywighede van toepassing is, so geformuleer moet word dat nie die regspersoon nie maar die mense wat sy sake behartig, met straf bedreig word vir sekere oortredings¹⁶). Hierdie argument kom dus daarop neer dat die regspersoon nie self vir sy bedrywighede verantwoordelik is nie maar wel daardie mense wat sy sake behartig. Ek kan slegs in soverre met De Wet en Swanepoel saamstem dat die eintlike pleger van die misdaad in elk geval strafregtelik aanspreeklik gehou moet word, maar of dit sinvol is om die regspersoon van alle verantwoordelikheid vir sy bedrywighede te onthef, is vir my nie aanvaarbaar nie. Dit lyk asof De Wet en Swanepoel die regspersoon van alle eie verantwoordelikheid wil onthef en dit op die skouers van die amptenare en dienare plaas bloot omdat die regspersoon nie self kan handel en self 'n skuldige gesindheid kan hê nie. Indien die regspersoon erken en toelaat om as 'n selfstandige persoon aan alledaagse menslike bedrywighede en aan die regsverkeer deel te neem, is dit sinvol om ook te erken dat die regspersoon op 'n verantwoordelike wyse deur sy organes en dienare moet deelneem¹⁷).

Dit is glad nie vreemd dat nóg die Romeinse nóg die Romeins-Hollandse reg strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone geken het nie. Dit is eenvoudig so dat in die ongekompliseerde samelewing van die vorige eeue, waar die optrede van mense by uitstek 'n individualiteitskarakter gehad het, groot klem op individuele menslike verantwoordelikheid geplaas is. Hierdie uitgangspunt is ook 'n tipiese produk van die liberalisties-individualiteitse tyd-

16) Dit is ook die standpunt wat Leigh (1969, p. 139) inneem: „The argument here advanced is that the choice should tend towards effective personal liability”.

17) Van Bemmelen (1973, p. 246-7) bespreek die Hoge Raad-beslissing 27-1-1948 NJ 1948 no. 197, waarin die HR 'n maatskappy strafregtelik aanspreeklik gehou het toe 'n werknemer van die maatskappy 'n meubelstuk vir meer as die minimum prys wat by wet voorgeskryf word, verkoop het. Van Bemmelen verklaar: „Men kan met deze beslissing vrede hebben, omdat het onder juist voor een corporatie, die uit de aard van de zaak door natuurlijke personen voor zich moet laten handelen, veel te gemakkelijk zou worden door die natuurlijke personen strafbare feiten te laten begaan en zelf altijd buiten schut te blijven”.

gees van veral die 17de, 18de en 19de eeu, waarvolgens die individuele vryheid en verantwoordelikheid van mense tot die uitster beklemtoon is. Hierdie lewensfilosofie het dan ook neerslag gehad in die absolute vereiste van skuld as die grondslag van strafregtelike aanspreeklikheid. Afkeurenswaardige, moreel verwytbare, individuele persoonlike optrede dien daarom as kern van strafregtelike aanspreeklikheid. Hierdie uitgangspunt het gepas by die ongekompliseerde samelewing, onontwikkelde tegnologie en ander gewone menslike bedrywighede van die voorafgaande eeue. Van kollektiewe menslike optrede was daar nouliks sprake, en waar kollektiewe optrede van mense voorgekom het, was dit geen probleem om die pleger van 'n misdaad persoonlik daarvoor verantwoordelik te hou en te straf nie. Die regs persoon het geen belangrike plek tussen individuele menslike bedrywighede ingeneem nie, waarom sou daar dan 'n behoefte wees om die regs persoon strafregtelik aanspreeklik te hou? Met die koms van die Industriële Revolusie teen die einde van die vorige eeu het die toestande drasties verander (Van der Walt, 1976, p. 254).

Dit is onnodig om hierdie veranderinge in detail uit te spel. Van groot belang is egter die feit dat van hierdie tyd af die entrepreneur of groot ondernemer op die voorgrond begin tree het. Hy is die persoon wat die kapitall-kragtigheid gehad het en daarom in staat was om sy onderneming op tegnologie, ekonomiese en finansiële gebied tot 'n kragtige industriële en finansiële reus uit te bou. Hierdie entrepreneur was en is veral juis die regs persoon, en sonder die moontlikheid dat 'n groep mense 'n regs persoon kan stig en op hierdie kollektiewe wyse tot die bedrywighede van die geïndustrialiseerde wêreld kon toetree, sou die wêreld nie gewees het wat dit vandag is nie. Dit is tog 'n bekende feit dat die groot ondernemers vandag almal regspersone is. Dink maar aan die mynbou, fabriekswese, vervoerwese en finansiële instellings — om 'n paar voorbeeld te noem. 'n Verdere feit is dat die aktiwiteite en bedrywighede van hierdie regspersone 'n geweldige risiko van benadeling vir die gemeenskap skep, en naas die voordele wat dit meebring, vir die handhawing van wet en orde 'n bedreiging inhou (Leigh, 1969, p. 131 en veral p. 139). Die mees voor die hand liggende rede vir die bestaan van hierdie risiko is die feit dat die aard van regspersone, die intensiteit en omvang van hulle bedrywighede, die kans dat organe en dienare van die regs persoon misdade by die uitoefening van hierdie bedrywighede kan pleeg, so verhoog en vermeerder dat dit 'n daadwerklike bedreiging word. Die aard en omvang van 'n regs persoon se bedrywighede skep dus by uitstek die moontlikheid en selfs die waarskynlikheid dat misdade deur organe en dienare by die uitoefening van hierdie bedrywighede gepleeg sal word. Waar die moontlikheid dat misdade in die vorige eeue gepleeg kan word, geskep is deur 'n in-

dividu wat met behulp van betreklik weinig en eenvoudige hulpmiddels sy aktiwiteite eiehandig verrig het en dit maklik uiterlik waarneembaar was, word hierdie risiko vandag geskep deur 'n georganiseerde maar gekompliseerde proses van besluitneming, beplanning, kontrole, inwerkingstelling en integrasie van tegnologiese middele en menslike aktiwiteite. J.C. van der Walt (1975, p. 255) verklaar: „By die bedryf van ... 'n onderneming word die persoonlike, sigbare, liggaamlike aktiwiteit grootliks vervang met onpersoonlike, onsigbare, intellektueel georiënteerde aktiwiteite. Die persoonlike handeling „verdwyn” in die komplekse organisatoriese en tegnologiese struktuur van die bedryf. Die beheer word grootliks uitgeoefen deur die kollektiewe optrede van bevoegde organe en liggame”.

In die lig hiervan is dit vir my noodwendig onverantwoordbaar en onaanvaarbaar om die verantwoordelikheid vir die aktiwiteite van die regs persoon op sy amptenare af te skuif¹⁶⁾. Myns insiens bestaan daar goeie rede om die regs persoon deels self verantwoordelik te hou vir die optrede van mense wat met sy aktiwiteite besig is. Word 'n misdaad deur iemand gepleeg by die uitoefening van die regs persoon se aktiwiteite, behoort ook die regs persoon daarvoor verantwoordelik gehou te word. Om hierdie verantwoordelikheid te ontken laat die gevaar ontstaan dat die regs persoon agter sy amptenare wat sy aktiwiteite verrig, skuil en op geen manier deur die reg tot verantwoording geroep kan word nie¹⁹⁾. Die reg behoort dus 'n manier te hê om 'n regs persoon tot verantwoording te roep waar sy aktiwiteite by uitstek aanleiding gee tot 'n bedreiging van wet en orde en gemeenskapsekuriteit. Om te verklaar dat hierdie verantwoordingsroeping kan geskied deur slegs die werklike pleger van die misdaad aan die pen te laat ry, beantwoord nie goed aan hierdie doel nie, want die immune regs persoon sit eenvoudig daar die bedrywighede wat tot die pleeg van die misdaad aanleiding gegee het op

18) Dit mag selfs onbillik wees om dit te doen. Perkins (1969, p. 641) het byvoorbeeld opgemerk dat 'n werknemer nie sonder meet vir sy besondere optrede te blameer is nie: „... pressures within the organization, often incapable of proof, may have induced the act of the particular agent who may be less at fault than the undefinable others within the corporation”. Kyk ook Michael en Wechsler (1956, p. 159).

19) Gordon (1967, p. 284) het die volgende insiggewende opmerking gemaak: „It is also relevant to consider that a company is regarded in other branches of the law as a person and that it does have an identity and in many cases, a 'public image' which is of value to it — it may therefore be solutary to convict the company and not to be allowed it to hide its reputation behind the skirts of the individual directors”. Kyk ook Van Hamel (1927, p. 164) en Van Bemmelen (1973, p. 246-7).

dieselfde manier voort. Hy is dan nie strafregtelik verantwoordelik vir die optrede van sy amptenare nie, en daarom bied die aktiwiteite telkens weer die geleentheid aan ander amptenare van die regspersoon om soortgelyke misdade te pleeg. Word die regspersoon egter aanspreeklik gehou, sal die effek daarvan onmiddellik 'n behoorlike kontrole en druk van die kant van die regspersoon beteken, wat dan sal sorg dat sulke optrede tot 'n minimum beperk word (Leigh, 1969, p. 139).

Die argument dat straf deur middel van 'n boete vir die regspersoon 'n oneffektiewe manier van afskrikking is (Leigh, 1969, p. 154) omdat die regspersoon onder andere so 'n boete eenvoudig as 'n bedryfsrisiko afwentel op sy onderneming en/of op die publiek wat van sy produkte koop of van sy dienste gebruik maak, verloor drie belangrike aspekte uit die oog. Die eerste is dat 'n onderneming uit finansiële en ekonomiese oorwegings in elk geval sal poog om, indien hy strafregtelik aanspreeklik is vir sy aktiwiteite, sy bedryfsrisiko's so laag moontlik hou, omdat dit vir hom van essensiële belang is. Die oplegging van swaar boetes vir ernstige oortredings deur amptenare en dienare behoort dus 'n belangrike uitwerking op die bedrywighede van 'n onderneming te hê, wat hom sal dwing om behoorlike voorsorg te tref. Verder behoort strafregtelike skuldigbevindings van regspersone ook op 'n spesiale kriminele rekord geplaas te word, wat dan 'n belangrike rol kan speel by die bepaling van die strafmaat in geval van 'n volgende skuldigbevinding.

Ten tweede kan in gedagte gehou word dat 'n boeteoplegging nie die enigste manier van straftoemeting is nie. In gevalle waar die hof van mening is dat die oplegging van 'n boete 'n oneffektiewe straf vir die besondere oortreding is, behoort die hof dit te oorweeg om die regspersoon tot niet te laat gaan of te beveel dat hy sy bedrywighede of sekeres daarvan staak²⁰), byvoorbeeld totdat tot bevrediging van die hof deur die regspersoon stappe gedoen is wat 'n herhaling van verdere soortgelyke misdade na alle waarskynlikheid sal uitsluit.

Ten derde mag nie uit die oog verloor word nie dat 'n skuldigbevinding aan 'n misdaad by die algemene publiek 'n weersin wek en 'n stigma aan die persoon van die oortreder laat kleef. So 'n brandmerk kan natuurlik weens die swak advertensie²¹) 'n ekonomies nadelige uitwerking op 'n regspersoon

20) Volgens Leigh (1969, p. 157) is sodanige strawwe al in Amerika opgelê.

21) Leigh (1969, p. 149): „Furthermore, to fine the corporation presumably affords a demonstration to the industry and the public that a particular standard of care is applicable. In the case, for example, of food and drug legislation the public, if aware

soon hê en die regspersoon tot vermyding daarvan dwing.

'n Tweede belangrike voordeel wat die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone kan hê, is dat 'n regspersoon ook aanspreeklik gehou behoort te word in daardie gevalle waar die Staat wel kan bewys dat by die uitoefening van die bedrywighede van die regspersoon 'n misdadig gepleeg is, maar nie kan bewys watter verteenwoordiger of werknemer van die regspersoon die misdadig gepleeg het nie (Leigh, 1969, p. 174; Michael en Wechsler, 1956, p. 161). Hierbo het ek reeds daarop gewys dat die samestelling van 'n groot onderneming so kompleks kan wees dat die persoonlike handeling van die individu by die uitoefening van die aktiwiteite van die regspersoon verdwyn en deur die onpersoonlike onsigbare kollektiewe optrede van baie individue opgeneem word. Dit sou in hierdie omstandighede onaanvaarbaar wees om die regspersoon skotvry te laat uitgaan bloot omdat die materiële dader in sy organisasie nie opgespoor kan word nie. Dit is juis in hierdie omstandighede dat die aktiwiteite van die regspersoon by uitstek 'n groot bedreiging vir die gemeenskap inhou weens die onmagtigheid van die individu teen die magtige, gesiglose onderneming (vergelyk ook Leigh, 1969, p. 139 142).

My betoog kom dus eenvoudig daarop neer dat die regspersoon deur sy bedrywighede onvermydelik 'n bedreiging vir wet en orde en individuele en gemeenskapsbelang skep en dat dit niks minder as regverdig en billik is dat die regspersoon wat daardie aktiwiteite in sy belang en tot sy voordeel bedryf, daarvoor verantwoordelik moet bly nie²²⁾.

Laastens dink ek dat 'n woord van versigtigheid tog geopper moet word teen (a) 'n te wye strafregtelike aanspreeklikheid en (b) 'n onoordeelkundig

that standards have been violated, may cease to purchase from the manufacturers concerned". Leigh vervolg op 159: „Sutherland, for example, argues that while the fine is an ineffective deterrent taken in isolation, the fine together with the stigma of conviction provides a useful sanction against corporate criminal liability. ... The primary factor governing the efficacy of the stigma as a sanction is public awareness of the fact that a conviction has been registered".

22) Die kritiek deur onder andere De Wet en Swanepoel (1975, p. 56) dat strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone skuldiges en onskuldiges ewe swaar tref, het nie veel om die lyf nie. Trouens, selfs in die geval van menslike strafregtelike aanspreeklikheid is die onvermydelike gevolge van straf 'n effek vir die onskuldige naasbestaandes van die oortreder dikwels ernstig en betreurenswaardig. Indien De Wet en Swanepoel se kritiek hierbo na die onskuldige aandeelhouers verwys, kan daarop gewys word dat die finansiële uitwerking wat 'n boeteoplegging op aandeelhouers het, gewoonlik minimaal is, omdat die bedrag oor die hoofde van 'n hele aantal persone heen versprei word. Daarenteen affekteer die boetebedrag die regspersoon self baie meer, want hy betaal die volle bedrag, en dit reflekteer in sy onderneming.

dige toepassing van strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone. Wat die eerste punt betref, dink ek dat artikel 332 van die Strafproseswet 'n gans te vae en 'n te wye strafregtelike aanspreeklikheid daarstel, Myns insiens behoort 'n regspersoon onteenseglik strafregtelik aanspreeklik gehou te word vir die oortreding deur die regspersoon van daardie wetlike voorskrifte wat spesifiek verorden is ter regulering van bedrywighede wat spesifiek binne die doelstellings van die regspersoon val. Indien 'n regspersoon dus handel dryf, is hy onderworpe aan die bepalings van alle wette en regulasies wat op die handel van toepassing is, en gevolglik woordelik vir die nie-uitvoering en nie-nakoming van hierdie regsreëls deur sy organe en dienare. Verder behoort 'n regspersoon ook strafregtelik aanspreeklik gehou te word vir ander misdade wat regstreeks met die uitvoering van sy bedrywighede en aktiwiteite verband hou. 'n Misdad hou so verband indien dit voortgevloei het uit die optrede van 'n persoon of persone vir wie die regspersoon verantwoordelik is en hierdie persone se optrede regstreeks terug herlei kan word tot die onbehoorlike verrigting en uitvoering van sy bevoegdhede, pligte en opdragte wat hy namens die regspersoon verrig het.

Die persoon of persone vir wie se optrede die regspersoon verantwoordelik is, is hy of hulle wat deur die regspersoon by sy organisasie ingeskaakel is. 'n Hof sal dus moet let op bewysmateriaal deur die Staat aangebied wat op sodanige inskakeling dui. Faktore wat hier van belang mag wees, is 'n dienskontrak of, in die afwesigheid daarvan, die feit dat die regspersoon beheer oor die optrede van die dader gehad het deurdat hy aan hom voorgeskryf het hoe hy 'n sekere opdrag wat deel van die bedrywighede van die regspersoon vorm, moet verrig. Indien dit nie bewysbaar is nie, kan ander faktore daarop dui dat die dader by die bedrywighede van die regspersoon ingeskaakel was, byvoorbeeld die feit dat die regspersoon die dader van 'n werkplek voorsien het, hom van tyd tot tyd 'n salaris betaal of die feit dat die regspersoon die dader van die middele en instrumente voorsien het om sekere opdragte in verband met sy bedrywighede te verrig.

Verder moet die vervolging van 'n regspersoon ook met die grootste mate van diskresie uitgeoefen word in daardie gevalle waar dit nie gaan om misdade wat deur 'n wet geskep is wat spesifiek op die besondere bedrywighede van die regspersoon van toepassing is nie. Dit gaan dus hier veral om sowel gemeenregtelike misdade as statutêre misdade wat vir die publiek oor die algemeen geld. 'n Vervolging teen 'n regspersoon behoort in sulke gevalle slegs ingestel te word waar die misdad wat gepleeg is, regstreeks verband hou met die bedrywighede van die regspersoon en wanneer die struktuur en aard van die regspersoon sodanig is dat strafregtelike aanspreeklikheid daarvan die uitwerking sal hê wat dit behoort te hê. Daarom dink ek dat dit onnodig

sal wees om 'n regspersoon te vervolg wat byvoorbeeld twee direkteure, twee aandeelhouders en beperkte doelstellings het, indien een van die direkteure sy motor nalatig bestuur terwyl hy besig was om sy pligte uit te voer. In so 'n geval sal dit heeltemal voldoende wees indien die direkteur in sy persoonlike hoedanigheid vir sy misdaad vervolg en gestraf word. Dit is egter 'n ander saak indien dieselfde regspersoon 'n finansieringsonderneming is en een van die direkteure bedrog gepleeg het of geld verduister het. In hierdie omstandighede is dit myns insiens noodsaaklik om die regspersoon ook te vervolg. Daarom gee ek ter oorweging dat 'n regspersoon vervolg behoort te word waar sy bedrywighede sodanig is dat dit by uitstek die potensiaal skep vir die pleging van 'n besondere soort misdaad of misdade en hierdie misdaad inderdaad deur sy organe of werknemers in die loop van die uitvoering van hulle pligte en of bevoegdhede gepleeg is. Tweedens kan ook gelet word op die feit dat 'n besondere misdaad of misdade gereeld deur verteenwoordigers en of dienare van 'n regspersoon gepleeg word en dat dit daarom nodig geword het om die regspersoon ook hiervoor te straf. 'n Goeie voorbeeld van die toepassing hiervan word gevind in die onlangse Rhodesiese Appèlhofbeslissing van *S. v. Josep Mtshumayeli* (1971 1 SA 33 (RA)). In hierdie saak het die Staat 'n regspersoon, 'n busdiensonderneming, vervolg vir die nalatige bestuur deur een van sy busbestuurders. In die loop van die hofverrigting het die hof opgemerk dat die Staat voorheen in gevalle van roekelose en/of nalatige bestuur deur busbestuurders slegs die nalatige of roekelose busbestuurder vervolg het. Die Staatsaanklaer maak die Hof toe daarop attent, en ek haal aan: „... that, because omnibus accidents are becoming so frequent, the policy of the Attorney-General has now changed and the intention in the future, in such cases, is to prosecute the omnibus company along with the drivers of their omnibuses” (*S. v. Josep Mtshumayeli* 1971 1 SA 33 (RA), p. 37).

Dit lyk vir my wel asof die beleid van die prokureurs-generaal in Suid-Afrika ook is om vervolging teen regspersone tot die werklik noodsaaklike gevalle te beperk, vandaar dan ook die seldsaamheid van gerapporteerde beslissings op hierdie terrein.

Ten laaste kan ek die opmerking maak dat die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone myns insiens nie met enige strafregtelike aanspreeklikheidsbeginsel bots nie. Die Staat moet steeds bo redelike twyfel bewys dat 'n misdryf gepleeg is, al kan hy nie bewys welke persoon of persone die misdryf gepleeg het nie. Hierdie reël is glad nie vreemd aan ons reg nie, want iemand kan as medepligtige aan 'n misdryf skuldig bevind word sonder dat dit vir die Staat nodig is om te bewys wie dader van die misdaad was, solank die Staat maar kan bewys dat 'n misdaad wel gepleeg is (kyk *R. v. Peer Khan*

and Lalloo 1906 TS, p. 798). Al wat by die strafregtelike aanspreeklikheid verder bykom, is die erkenning van die beginsel van oordragtelike aanspreeklikheid vir misdade in besondere gevalle, omdat die behoefte daarvoor in ons moderne samelewing wel mag bestaan.

BIBLIOGRAFIE

BURCHELL, E.M. & HUNT, P.M.A. 1970. General principles of criminal law. Cape Town, Juta. (South African criminal law and procedure, vol. 1).

DE WET, J.C. & SWANEPOEL, H.L. 1975. Strafreg; 3e uitg. Durban, Butterworth.

FERREIRA, J.C. 1967. Strafprosesreg in die landdroshof. Kaapstad, Juta.

FOURIE, D.C.G. 1973. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regsposson in die Suid-Afrikaanse privaatrek. Potchefstroom. (Ongepubliseerde proefskrif – PU vir CHO).

GORDON, G.H. 1967. The criminal law of Scotland. Edinburgh, Green.

HAZEWINKEL-SURINGA, D. 1973. Inleiding tot de studie van het Nederlandse strafrecht; 6e dv. bewerkt door J. Remmelinck, Groningen, Tjeenk Willink.

LEE, R.W. 1928. Corporate criminal liability. Columbia Law Review. 28: 185-186 en 199.

LEIGH, L.H. 1969. The criminal liability of corporations in English law. London, Lowe and Brydone.

MICHAEL, J. & WECHSLER, H. 1956. Criminal law and its administration; 1956 supplement. Mineola, N.Y., Foundation Press.

PERKINS, R.M. 1969. Criminal law; 2nd ed. Mineola, N.Y., Foundation Press (University textbook series).

POMPE, W.P.J. 1953. Handboek van het Nederlandse strafrecht; 4e hers. dr. Zwolle, Tjeenk Willink. (Publiek- en privaatrecht, 19).

PRETORIUS, H.N. 1975. Straf in die Suid-Afrikaanse reg. (*In Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Fakulteit Regte. Ses inougurele redes... Potchefstroom, Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe nr. 17*).

RABIE, M.A. 1977. Theories of punishment. Johannesburg. Lex Patria.

SAVIGNY, F.K. von. 1840. System des heutigen Römischen Rechts; erster Band. Berlin, Veit.

SCOTT, W.E. 1976. Middellike aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg. Potchefstroom. (Ongepubliseerde proefskrif — PU vir CHO).

SMITH, J.C. & HOGAN, B. 1969. Criminal law; 2nd ed. London, Butterworth.

STEYN, L.C. & VAN TONDER, S.I.E. 1974. Die uitleg van wette; 4e uitg. Kaapstad, Juta.

VAN BEMMELEN, J.M. 1955. Op de grenzen van het strafrecht. Haarlem, Tjeenk Willink.

VAN BEMMELEN, J.M. 1973. Ons strafrecht, deel I: Het materiële strafrecht; 4e herz. en verm. dr. Groningen, Tjeenk Willink.

VAN DER VYVER, J.D. & VAN ZYL, F.J. 1972. Inleiding tot die regs-wetenskap. Durban, Butterworth.

VAN DER WALT, J.C. 1975. Risiko-aanspreeklikheid uit onregmatige daad. (Ongepubliseerde proefskrif — Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria).

VAN HAMEL, G.A. 1927. Inleiding tot de studie van het Nederlandsche strafrecht; 4e dr. bijgewerkt door J.V. van Dijk. Haarlem, Bohn.

WILLIAMS, G.L. 1961. Criminal law; the general part. London, Stevens.

ZEVENBERGEN, W. 1924. Leerboek van het Nederlandsche strafrecht. Den Haag, Wolters.

Wette

Wet no. 5/1910: Interpretatiewet.

Wet no. 31/1917: Wet op kriminele procedure en bewijslevering.

Wet no. 56/1955: Strafproseswet.

Wet no. 51/1977: Strafproseswet.